Sondebelydenis

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: B335a Eng/Afr.

Skriflesing uit: 1Joh.1:1-10 en 2:1-2

Kernvers: 9 –'As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig'.

Geliefdes, ons moet in ons hele lewe ons dit ten doel stel dat ons andere sal stig en bemoedig en troos deur ons lewens. Dat ons sal uitmunt daarin, ook in die gemeente.

Daarom het ek vandag 'n besondere las op my hart om met u te praat oor: hoe ontvang ek vergifnis van sonde? En: hoe om ons sonde te bely!

As daar ooit 'n tyd was waar die finale aanslag op die kinders van God was en op die volk van God , dan is dit vandag. Ons lewe in 'n sg. Verligte eeu, in 'n tyd van wonderlike kennis, tegnologie en wetenskap.

Maar ek wonder of daar ooit 'n tyd was waar die geestelike onkunde so diep was soos nou. Waar daar groter misleiding was as vandag. Dit is onrusbarend hoedat die mens rondgesleur word tussen uiterstes. Soos bv. met Martin Luther se ontdekking dat die regverdige deur die geloof sal lewe – dit was die grondslag van die Hervorming.

Maar in daardie heerlike ontdekking het die uiterste ontstaan en die 'werke' is heeltemal agterweë gelaat. Jy moet net glo… en dit is waar – maar met 'n kwalifikasie nl: As jy waarlik gered is en die Here Jesus werklik liefhet, dan sal jy juis die 'werke' doen wat by die bekering pas.

Nie sodat jy gered sal word daardeur nie maar jy doen dit juis ómdat jy gered is! Een van hierdie uiterstes is dan ook die saak van 'sondebelydenis'…